Publication: Die Burger Saterdag - Eiendomme
Title: Kortliks: Moderne ontwikkeling kom in middestad
AVE: 50140.2
Page: 6
Publish Date: 11 May 2019
Author: Unspecified

Kortliks: Moderne ontwikkeling kom in middestad

Wat: The Rubik, 'n residensiële ontwikkeling met gemengde gebruik in die Kaapse middestad.

Wie? Abland ontwikkel die kompleks in samewerking met Nedbank en Giflo. Die argiteksfirma DHK Architects het die ontwerp behartig. Die eiendomsagentskap Dogon Properties hanteer die bemarking en verkope van die eiendomme.

Wat behels die ontwikkeling? Die gebou word op die hoek van Loop- en Riebeekstraat in die stadskom ontwikkel.
Die gebou sal uit luukse woonstelle sowel as kantore en kleinhandelruimte bestaan wanneer dit klaar gebou is.
Kopers kan in onderskeidelik een- of tweeslaapkamerwoonstelle belê, of in 'n handvol dakwoonstelle met hul eie private stoep.
Die gebou se ontwerp en styl is kontemporêr, terwyl hout, klip en glas by die binnenshuise ontwerp van die woonstelle geïnkorporeer is.
Die gebou sal altesaam 27 verdiepings beslaan, waarvan twee verdiepings aan kleinhandelruimte en sewe verdiepings aan kantore gewy sal word.
Nege van die gebou se 27 verdiepings word as parkeerplek ingerig.
Daar sal altesaam 169 onderdakparkeerruimtes in die gebou wees.

Hoe lyk die afwerkings? Al die woonstelle en kantore in die gebou kry groot vensters wat van die vloer tot teen die plafon sal strek. Die afwerkings is van die hoogste gehalte en die jongste tegnologie word ook in die woonstelle gebruik.
Kopers kan oopplan-leefruimtes te wagte wees, uitsigte op Tafelberg en die omliggende omgewing, sowel as heeltydse sekerheid.
Die gebou kry ook 'n portierdiens.

Wanneer begin die bouwerk? Die bouwerk aan The Rubik begin aanstaande maand en sal na verwagting teen Julie 2021 klaar wees.

Hoeveel kos dit? Die verkoopsprys van die woonstelle begin by R2,4 miljoen elk.

En die omliggende omgewing? The Rubik word in die stadskom ontwikkel, binne stapafstand vanaf 'n verskeidenheid restaurante, koffiewinkels, kroeë, historiese geboue, galerye en antiekwinkels.

Meer inligting: Vir nader besonderhede oor beleggingsmoontlikhede in The Rubik, besoek die webwerf by therubik.co.za of bel Dogon Properties se kantoor by 021 430 2580.



Regs: 'n Kunstenaarsvoorstelling van The Rubik, die nuwe kontemporêre residensiële ontwikkeling met gemengde gebruik in die Kaapse middestad.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.